**10 Februarie**

Skrifgedeelte: Josua 3:1–17
Fokusgedeelte: Josua 3:5 & 6

# Wat verhinder jou om nuut te lewe?

Al wat tussen Israel en hulle beloofde land gelê het, en hulle van hulle nuwe lewe afgesny het, was die Jordaanrivier wat in vloed was. Geen mens kon daardeur nie. Vir drie dae het die volk teen die woedende watermassa vasgekyk. Dan kom die opdrag: *Reinig julle, want môre gaan die Here wonders doen tussen julle.*

Om God se beloofde seën van 'n nuwe lewe te ervaar, is die blote feit dat jy deel van die verbondsvolk is nie genoeg nie. Dikwels lê daar nog hindernisse in jou pad. Hindernisse wat onoorbrugbaar lyk. Drie dae lank word die volk met die skynbaar onmoontlike gekonfronteer. Dit is 'n senutergende beproewing. 'n Nuwe lewe lê en wag, maar die Jordaanrivier is in die pad. Dit lyk of God se beloftes nie waar kan word nie. So naby en tog so ver. Geen mens kan hier verder nie. Maar God neem oor. Maar Hy neem net oor wanneer die mens sy eie sondeverlorenheid besef. Daarom is hartgrondige bekering 'n voorvereiste. Jy moet jouself reinig deur met die sonde in jou lewe te breek. Dit wat jou heiligheid voor God in gedrang bring, moet verwyder word (vgl. 1 Pet 1:15 en 16).

Om egter net met jouself en jou eie bekering besig te wees, is ook nie genoeg vir God nie. Hy verwag dat jy jou oë net op Hom alleen sal hou, op Hom wat verlos en die nuwe lewe skenk: *Vir die priesters het Josua gesê: Tel die verbondsark op en stap voor die volk uit*. Die ark as teken van God se verlossende teenwoordigheid moes voor die volk uitgaan. Toe die priesters se voetsole aan die watermassa van die Jordaan raak, laat God die wonder gebeur. Die Jordaan se water dam op en die volk kan deurtrek na hulle beloofde nuwe lewe!

As ons onsself reinig en ons oë op die Here Jesus Christus hou, sien en beleef ons die wonders wat God doen. Gee die tree en neem die besluit om jou lewe voluit in God se hand te plaas. Dan neem Hy alle hindernisse uit jou pad sodat jy saam met sy volk as nuwe mens in sy beloofde land kan lewe.

Sing: Skrifberyming 2-4:1-3

Dr DJ de Kock (Krokodilrivier)